**Hoe rolprente ons begrip van queer werklikhede in Afrika kan vorm**

**Gibson Ncube***

Geslags- en seksuele nonkonformiteit bly onaanvaarbaar en krimineel in baie Afrikalande. Vlae van homofobie het al oor die vasteland gespoel. Hierdie vlae van homofobie word aangeblaas deur nasionaliste wat redeneer dat queerheid uitheems is aan die vasteland en dat dit ’n Westerse instelling is. Wyle Robert Mugabe, die voormalige president van Zimbabwe, het byvoorbeeld gays en lesbiërs as “laer as honde en varke” afgemaak. Die voormalige president van Namibië, Sam Nujoma, het sover gegaan as om te verklaar dat homoseksualiteit een van die grootste vyande van sy regering was.

Selfs in Suid-Afrika, wat vir sy baie progressiewe Grondwet geloof word wat beskerming aan queer individue bied, het politici soos die voormalige president Jacob Zuma verseker dat queer individue steeds verskillende vorme van geweld en uitdagings die hoof moet bied wat verhoed dat hulle hul regte ten volle kan geniet.

Wat hierdie kriminalisering en demonisering van queerheid wel gedoen het, is om te verseker dat queer individue hul andersheid in privaat of in subgemeenskappe en kulture moet uitleef. Wanneer ons op 25 Mei Afrikadag vier, moet ons ook die stigmatisering, diskriminasie en aanslae wat queer mense in verskillende plekke op die vasteland ervaar, beklemtoon.

Ten slotte …

Hierdie rolprente uit verskillende dele van die vasteland skep belangrike tussenstreekse en intrakontinentale besprekings van geleefde queer ervarings in Afrika. Hierdie tussenstreekse en intrakontinentale besprekings is die grondslag van die vaslegging van die diverse en mededingende kompleksiteite en menigvuldigheid van queer ervarings in Afrika. Rolprente is deel van die diskursiewe intervensies wat ’n hersiening en heronderhandeling van queer ervarings in Afrika moontlik maak.

Queer rolprente uit Afrika pleeg oorleg met wat die vakkundige, Adriaan van Klinken, ’n “queer pan-Afrikaanse diskoers” noem. Hierdie gesprek neem kennis van die taalkundige, kulturele, godsdienstige en historiese diversiteite van die vasteland. Die queer pan-Afrikaanse diskoers probeer om die eksepsionalisme van Suid-Afrika te desentraliseer deur te wys dat rolprente wat geleefde queer ervarings in Afrika inderdaad verder as die hegemonie van Suid-Afrika ontwikkel het. ’n Queer pan-Afrikaanse diskoers toon ongetwyfeld dat queerheid in Afrika bestaan en slaag ook daarin om hierdie gemarginaliseerde en onsigbaargemaakte manier van wees sigbaar en geldig te maak.

- Klik hier om die res van die artikel soos geplaas te lees

***Dr Gibson Ncube** het ’n PhD aan die Universiteit Stellenbosch behaal en is ’n dosent in die Departement Moderne Vreemde Tale by die US. Hy het al wyd gepubliseer op die gebiede van vergelykende literatuur, gender- en queerstudie, asook kultuurstudie. Hy is tans die medesameroeper van die Queer Afrikastudievereniging en is die 2021 Mary Kingsley-uitgelese dosent (*African Studies Association UK & Royal African Society*.